# Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 11

> *Dawid het al hoe sterker geword, en die Here die Almagtige was by hom. (1 Kron 11:9)*

Dis sekerlik elke gelowige se versugting dat die Here by hom sal wees, soos by Dawid. As jy dít kan beleef, sal jy vir elke

nuwe dag, elke uitdaging wat oor jou pad kom, kans sien. In Ps 18:30 sê Dawid dit self.

Die groot vraag is: Hoe het Dawid geweet die Here is by hom? Dis nie asof die Here sigbaar of selfs hoorbaar teenwoordig was in sy lewe nie. Hy het die Here se nabyheid ervaar in die gewone (en buitengewone) dinge wat oor sy pad gekom het – mense wat hom ondersteun het (in vers 10-47 is ’n lang lys van lojale manne). Daar was die spesiale oomblik toe die hele Israel hulle aan hom verbind het (vers 1). Daar was ’n nuwe hoofstad wat hy kon betrek en verfraai en uitbou.

Natuurlik het hierdie dinge nie in sy skoot geval nie. Dawid het hard gewerk, en moes lank wag, vir die geleenthede wat oor sy pad gekom het. Ek wonder of ons nie dikwels God se teenwoordigheid mis omdat ons verwag dat ons begeertes dadelik vervul moet word nie? Of dalk omdat ons God se sorg in die alledaagse miskyk?

© Bybelkoerant 2018 – 2026